Die Aambeeld

Kwartaal 2 - 2017

Drostdy vyftiental rond perfekte dag af

Classic Clashes het op 'n heerlike herfsoggend afgespeel. Soos wat herfs die somer vier, só het die Classic Clashes sport gevier. Al het die pendulum nie altyd na Drostdy se kant geswaai nie, was die gees altyd positief. En soos wat sekere bome hul groen blare deur herfs behou, só het ons rugby die beste vir laaste gehou. Ons immergroen manne in rooi, het geseëvier met... voordat ek die aap té vroeg uit die mou laat: kom ons begin met die skaak.

Nou ja, alhoewel ons die skaak verloor het, was dit nie 'n geval van "skaak-mat" vir ons span nie. Ons het teen 'n verbete span geveg – net om onsself te posisioneer vir 'n 2018-wen.

Die hokkiespanne het gesukkel, maar tog heelwat gelykoptellings behaal - behalwe ons ongelooflike 0/16A-meisiespan, wat bo verwagting gewen het. Die positiewe uit die uitslae van ons hokkiespanne, is die algemene gevoel van: "Sien julle volgende jaar weer- dieselfde tyd, dieselfde plek..."

Ons netbal het baie goed gevaar: die meeste A-spanne het 'n wen beklink. Ongelukkig het ons 0/19A netbalspan verloor, maar hulle het soos leeuwyfies geveg en dit alleen het die verloor minder bitter gemaak. Die rugby het ons harte warm laat klop met elke wedstryd wat gespeel is: elke span het in ware Donkie-tradisie as wenners uit die stryd getree.

Aan die einde, nadat almal hulle alles vir hul span gegee het, het almal op die paviljoen die Donkies se naam hoog gehou in hulle trotse volle skooldrag. In hierdie gees waarin die Donkies die eerstespan aangemoedig het, het dit reeds gevoel asof ons die dag in geheel gewen het.

Uiteindelik was dit tyd vir die hoogtepunt: ons 1ste rugbyspan se wedstryd. Dit het gevoel soos herfs in die Romeinse Colosseum. Die arena was gereed vir die geveg om te begin. Die gees was ongelooflik! Ons pom-pom-meisies het gesorg vir die voorskou, wat eindelik die tafel gedek het. Ons eerstespan se krygers het met 'n oortuigende wentelling van 47-7 die Colosseum verlaat. Elke drie is uitbasuin en die paviljoen se *moves* was 'n fees vir die oog.

Hulle weet ook: volgende keer dieselfde tyd, MAAR dan op TRAPPESPARK!

Micke Marx





Liezel Stassen!

Kyk op bladsy 15, asseblief?

Yvette en Jani sê:

Nog 'n kwartaal is op sy einde en ek glo almal betrokke by Drostdy is maar tog te dankbaar vir die vakansie wat voor ons lê. Die kwartaal was lank, vinnig, besig en wonderlik. Lank se wag vir die vakansie, vinnig verby voor die eksamen, besig om alles klaar te kry voor sperdatums en wonderlik toe ons uiteindelik die reëndruppels op die stofstrate sien val.

Vir my was die tweede kwartaal nóg 'n kwartaal by Drostdy wat ek vir niks anders in die wêreld sal ruil nie. Die gevoel toe die eindfluitjie blaas by die eerstespanwedstryd by Classic Clashes is net 'n enkele voorbeeld van die trotse oomblikke by Drostdy hierdie kwartaal.

Dankie, aan die onderwysers vir die positiewe invloed wat julle elke dag op elke kind se lewe het, aan elke ouer en persoon betrokke by Drostdy, dat julle inisiatief neem en alles gemotiveerd aanpak. En dan aan elke leerder, dankie. Sonder julle sou Drostdy nie wees waar ons vandag is nie. Lekker uitrus hierdie vakansie. Leef in die oomblik. Lag. Droom. Leef voluit.

Om eerlik te wees was die kwartaal vir my aaklig. So baie dinge moes gebeur, universiteitsaansoeke moes in, baie take moes voltooi word en boonop moes ons nog tussendeur voorberei vir die eksamen. Dit eenkant toe gesit, was die kwartaal ook vir my een emosionele "rollercoaster". Laaste Classic Clashes, sportwedstryde wat einde se kant toe staan en dan is daar nog my ma wat my elke middag herinner hoe my tyd as hoërskoolleerder einde se kant toe staan. Dit voel vir my ons almal is so besig dat ons nooit werklik tyd het om ons frustrasies uit te haal, te praat oor ons gevoelens nie of werklik net sosiaal kan verkeer nie. Die tyd is eenvoudig net te min. En as jy ooit hieroor wonder, gaan vra maar vir Astrid Bothman. Matriek het gekom ... en is besig om te gaan. Mag die laaste kwartaal vir die matrieks so stadig verbygaan sodat ons nog vir oulaas elke oomblik kan geniet, en kan waardeer. Laastens aan die Bestuurskomitee van 2017 - ons is klaar met die grootste deel van die harde werk. Dankie vir elkeen van julle se insette en elke lag en elke traan. Sterkte aan al die kandidate wat volgende kwartaal hulself verkiesbaar gaan stel vir hierdie groot taak. Geniet die vakansie, lekker rus en onthou - God is altyd daar en voorsien wat Hy wil hê oor jou pad moet kom!

-Jani Janse van Rensburg

Uit Silwer se pen...

Na afloop van die Maart-/Aprilvakansie waartydens ons leerders aan die Noord-Suid Rugby Toernooi by Drostdy en later die Kearsney College Rugby Festival (Durban), die netbal en hokkieklinieke in die Paarl en die hokkietoernooi in Bloemfontein deelgeneem het, het die Drostdyers die tweede kwartaal met mening aangepak.

Die **Toutrekkers** – 480kg-dogterspan wat Proteakleure verwerf het en die 560kg seuns skud tans hul vere reg vir deelname aan die Wereldkampioenskap in Southport, Engeland van 21 – 25 September 2017.

Ons behaal uitstekende uitslae in die liga-wedstryde in rugby, hokkie, netbal, skaak, stoei en fietsry.

Ons onder 14, 15 en 16A- rugbyspanne behaal baie goeie uitslae tydens die Wildeklawer Toernooi in Kimberley en speel lekker aanskoulike rugby. Ons hokkie en netbalspanne woon ook die K2 Toernooi in Oudtshoorn by en doen waardevolle ondervinding op. Ons eerste seuns hokkiespan blink veral uit tydens die Bloemfontein toernooi.

Proewe: Hokkie – 14 dogters en 20 seuns neem aan die proewe deel, terwyl 23 rugbyspelers uit die 0/16 en 0/18 spanne aan die proewe deelneem. Mnr. Renier de Villiers is by die 0/16 Grant Khomo span betrokke. Vier hokkieseuns word in verskillende IPT en Bolandspanne opgeneem.

Stoei: Jacques Ludik wen 'n brons medalje by die Afrika Kampioenskap in Marokko. Vier stoeiers kwalifiseer om aan 'n internasionale toernooi van 7 tot 18 Julie 2017 in die VSA deel te neem en mnr Kurt Herzog tree as die afrigter op.

Fietsry: Ons fietsryers presteer baie goed. Ons beskik tans oor die dienste van Charl-Pierre Esterhuizen en AJ Davids as afrigters en ons voorsien dat die uitslae nog baie gaan verbeter.

Gholf: Die seuns gee goeie rekenskap van hulself in die afgelope skole kompetisie.

Die **Drostdy Gholfdag** wat op 5 Mei aangebied is, was 'n reusesukses – die veld was vol en uitstekende pryse is gewen. Baie dankie aan almal wat ons ondersteun het.

Die **Somersport Prysuitdeling**, waartydens erkenning gegee is aan leerders wat uitstaande presteer het, is op 16 Mei 2017 aangebied.

Die **Belewenisweek** wat van 8 tot 13 Mei aangebied is, is goed ondersteun en elkeen van die vier geleenthede was spesiaal.

Die **Jagnaweek** wat deur mnr. Oupie du Plessis vir 'n klompie seuns, tydens 'n langnaweek moontlik gemaak is, was suksesvol en uiters genotvol. Dankie aan hom vir die inisiatief.

Ons **Koperblaasorkes** tree op Saterdag 20 Mei by York High School in George op terwyl die skoolkoor ons tydens die prysuitdeling met pragtige sang vergas het.

Baie geluk en baie dankie aan al die leerders en afrigters met dit wat ons die kwartaal vermag het – 'n donkie bly 'n wonderlike ding!

DJ de Lange

Akademie

Brilliant Young Donkies beloon vir harde werk

Mariné Brink

Op die 23ste Mei 2017 is al die Brilliant Young Donkeys in Bergsig se eetsaal ontvang. Die A-kandidate moes sewe-uur aansit vir 'n smulontbyt. Hulle is daar beloon vir hul uitstekende gemiddelde vir die eerste kwartaal van die akademiese jaar van 2017.

Na 'n kort boodskap en tafelgebed wat deur Hansen Preuss behartig is, is die borde vol geskep en die ontbyt is hartlik geniet. Daar was 'n koningsontbyt bedien: muesli, jogurt, croissants, varkworsies, spek, eiers en nog 'n paar smullekker ontbyttafel nommertjies. Nadat almal klaar geëet het, en die tafels afgedek is, is koeksisters as vroegoggendpoeding bedien en kon die BYD's die dag net reg afskop.

Namens die BYD's wil ons baie dankie sê aan al die onderwysers wat vir ons die oggend gereël het, asook al die kombuispersoneel en tannie Charné Bosman wat die oggend moontlik gemaak het, deur die lekker otbytkos te reël. Dankie vir hierdie lekker bederf! Ons glo die Donkies, wat daar teenwoordig was, asook die wat uitgemis het, word geïnspireer om teenwoordig te wees by die volgende BYD-geleentheid.



Kultuuruur 'n nuutjie

Yvette van der Walt

Wat op aarde is 'n "Kultuuruur"? Hierdie nuwe woord het deel van Drostdy se woordeskat geword op die 27ste Junie 2017 toe Drostdy hul heel eerste Kultuuruur gehou het in die MJ De Wet skoolsaal.

Wat sal ons sê? Ons sal sê dat almal wat uitgemis het op hierdie aand, GROOT uitgemis het. Die aand was 'n reuse sukses en elke sekonde was die moeite werd. Die orkes het die gehoor vermaak met items soos die bekende *Hallelujah, La Vie en Rose* en vele meer. Die koor het ook die stembande laat klink toe hulle die gehoor verras het met hulle splinternuwe sangitems. Die ander kultuurfundies soos Madré Burden, Mari brink, SW Zeeman, Chris-Mari Snyman en Zoë Zeeman wat 'n tweespraak opgevoer het, Philip Alberts, Migal Cronje, Elizé Lottering, Antoinette Steyn en Etloné Nolte het die gehoor vermaak met hul vele talente, van praat tot sing. Die langbeplande Revue van 2018 is ook deur mnr. Pieter Ras bekendgestel en ons verwag dat hierdie produksie selfs nóg beter sal wees as die vorige.

Die kultuur in Drostdy het oor die afgelope drie jaar slegs verbeter en ons sien uit vir die jare wat voorlê. Mnr Ras wil graag elke persoon, wat bygedra het tot die suksesvolle Kultuuruur, hartlik bedank vir die moeite en opofferings. Namens die skool wil ons elke kultuurleerder, asook elke onderwyser, bedank vir hul harde werk en beplanning om hierdie aand moontlik te kon maak.

Baie geluk met 'n aand van kultuurprag uit die boonste rakke. Ons is seker dat die Kultuuruur nog vir baie jare op die Donkiekalenders sal wees.

"CLASSY" KLAS VAN 2017...

KLASLEIERS SÊ HUL SÊ

'n Besige kwartaal wat in 'n oogwink verbygegaan het! En so raak die matrieks van 2017 se tyd ook al hoe minder. Die klasleiers van Matriek'17 wil graag vir sy/haar klas 'n spesiale boodskap vir die komende kwartaal gee.

12 A

"Akademie mag dalk alles wees, maar maak tyd vir die kleiner dinge."

Dian Ebershon

12 B

"Elke prestasie wat die moeite werd is, het 'n prysetiket aan. Die vraag is altyd of jy bereid is om die prys te betaal om dit te verkry - harde werk, opoffering, geduld, geloof en volharding."

Helene du Toit

12 C

"Sometimes you will never know the value of the moment until it becomes a memory." Sterkte met alles wat nog voorlê.

Bernard Zimmerman

12D

"Sterkte met die eksamens en matriekjaar en ons gaan julle volgende jaar mis."

Marcel Pettit en Romeo Eksteen

12E

"Maak elke dag die begin van nuwe avonture."

Christiaan de Villiers

12F

"Sterkte met die eksamen en ek is baie lief vir julle!"

Cami-Leigh Steenberg

12G

"Sterkte met die eksamens, ek hoop julle maak die beste daarvan. Julle is die beste klas ooit."

Amber May

HENGELAARS HOU LYNE STYF!

Drie Drostdyers het in April aan die SA hengelkompetisie gaan deelneem. Hulle het by die Vanderkloofdam deelgeneem. Hanro Griessel (Gr 10) en Johan du Plessis (Gr 12) het in die junior Suid-Afrikaanse A-span opgeëindig en behaal 'n derde plek. Gerrit Jonker en sy spanmaat van HS Durbanville is in die B-span opgeneem waar hulle 'n tweede plek behaal het. Hanro het 'n uitstekende eerste plek in Suid-Afrika behaal, waar die ander twee net so uitstekend gevaar het met 'n vierde plek vir Gerrit en 'n sesde plek vir Johan. Die drie manne gaan die 30ste Junie in Namibië vir die Protea-span deelneem. Ons as Donkies is baie trots op ons drie hengelaars wat ons skool se naam hoog hou en gaan hoog hou.

Micke Marx

Links: Nienke Mostert

SPEKE GAAN NOG BEHOORLIK SING

Nienke Mostert is 'n Graad 8-leerling met 'n passie vir bergfietswedrenne. Sy neem deel aan XCO (cross country), XCM (marathon) en XCE (eliminator) wedrenne.

Sy verwerf WP en Wes-Kaap kleure in die marathon kategorie en is ook die eerste meisie in HTS Drostdy wat hierdie prestasies verwerf.

Sy ry stof in baie seuns van haar ouderdomskategorie se oë en bewys elke keer dat meisies net so goed, of dalk beter, as seuns op die bergfiets kan wees. Hierdie is 'n individuele sportsoort en is elke keer wanneer sy deelneem vir haar 'n groot uitdaging.

Haar fietsryfilosofie is: "Begin vinnig, ry vinniger, eindig die vinnigste." Hierdie is 'n goeie opsomming van haar passie vir hierdie sportsoort.

Sy wil graag eendag aan die Cape Epic deelneem.

Sy gaan baie beslis haar stempel afdruk tydens die Spurbyeenkomste wat tans in aanvang is.

STOEIERS REIS NA LAND VAN STERRE EN STREPE

Na harde ure se oefen, baie sweet en liters se water is vier van ons leerders in die Suid-Afrikaanse stoeispan opgeneem. Wessel Kruger, Hanco Strydom, Xander Coetzee en Jacques Ludik sal later in die jaar in Amerika saam met die res van die SA-span gaan stoei. Mnr Kurt Hertzog is ook aangewys as hierdie span se afrigter. Loop maar volgende keer wye draaie om hierdie manne, want teen hulle sal jy beslis laaste kom!

Drostdy se stoeiers

Hoe ry die Donkies, skiet-skiet so!

"Skyfskiet: Bestaan uit 'n aantal kompeterende sporte waar gewere en pistole gebruik word om op teikens te skiet. Noukeurigheid, snelheid en die tipe wapen wat gebruik word, is hier belangrik."

Volgens Wikipedia, is dit wat skyfskiet vir die res van die wêreld uitspel. Vir ons spel dit sukses!

Ons skuts beleef tans 'n uitstekende seisoen en lewer uitstaande prestasies. Adriaan Alberts, wat goud behaal het in die 0/21 Sporterklas, is tans die beste skut in die WP en word goed ondersteun deur Flip van der Merwe, wat 0/16 silwer behaal het, Sean Williams, met brons, en Chris-Mari Snyman met 'n sesde plek. Al drie het uitstekend gevaar in die WP-kompetisies.

Daar is talent op die horison met die beginnerskuts en ons glo dat hulle volgende jaar tot hulle volle potensiaal sal kan skiet te danke aan oom Kallie Alberts, hul afrigter en mnr. Arno Gerber, die skietorganiseerder.



Drostdy "K2-toer" die Karoo

Armand van Rhuyn

Vanaf 28 April tot 1 Mei het Drostdy se o/19A hokkie- en netbalspanne aan die K2 toernooi in Oudtshoorn deelgeneem. Die uitslae was soos volg:

Seunshokkie:

Speel gelykop	0-0	teen HS De Kuilen
Verloor	2-0	teen Langenhoven Gimnasium
Wen	4-0	teen Canons Creek

Dogtershokkie:

Wen	1-0	teen HS De Kuilen
Verloor	3-0	teen Langenhoven Gimnasium
Speel gelykop	0-0	teen Canons Creek

Netbal:

Verloor	17-26	teen HS Oudtshoorn
Wen	29-11	teen HS Cradock
Verloor	25-7	teen HS De Kuilen
Speel gelykop	24-24	teen HS Tygerberg
Verloor	16-23	teen Worcester Gimnasium

0/18-A Netbaldogters

0/18-A Hokkieseuns

0/18-A Hokkiedogters

La Rochelle netbalkliniek

Esli-Ray Theron

'n Belewenis en 'n groot voorreg was dit inderdaad vir die netbalspeelsters van Drostdy om die La Rochelle Netbalkliniek te kon bywoon, wat aangebied is vanaf 3-6 April. Hierdie leersame netbalkliniek is by die Hoër Meisieskool La Rochelle in die Paarl gehou en ander skole, insluitend Stellenbosch, Swellendam, Morgenzon, Worcester Gimnasium, Vredenburg, Kroonstad, Riebeeckrand en Hartebeespoort het aan hierdie netbalkliniek deelgeneem.

Erin Burger, die senter van die Proteas, wat hierdie jaar vir die Queensland Fire Birds gaan speel, asook 'n internasionele skeidsregter, Anso Kemp, het dit aangebied.

Die meisies het 'n vol program gehad wat onder andere spanbousessies en baanwerk ingesluit het. Wedstryde van 9 minute aan 'n kant is in die middae gespeel en dan is al die kennis wat hul gedurende die oggendsessies in die kliniek geleer het, toegepas. Die O/14-, O/15- en O/16-spanne het in dieselfde afdeling meegeding. Die O/18-spanne het hul eie afdeling gehad.

Drostdy is supertrots op die O/16-span van me. Pretorius wat die juniorafdeling gewen het. Me. Swart se O/15-span het hul ook baie goed van hul taak gekwyt en 'n tweede plek behaal. Die eerste span van Drostdy het gesamentlik met Worcester Gimnasium in die 4de plek geëindig in hulle groep.

Individuele uitblinkers was Mia Ramsauer, wat aangewys is as die beste doel in die juniorafdeling en Gabi Bennett as die beste verdediger. Baie geluk julle!

Baie dankie aan elke netbalspeelster en -afrigter wat hul vakansietyd opgeoffer het om aan hierdie kliniek deel te neem. Ons is trots op julle en op die goeie prestasies wat behaal is.

Gabi Bennett is aangewys as beste verdediger.

Hokkie in Bloemfontein

Minette Visagie

Wenners gee nooit op nie en mense wat opgee speel nie hokkie nie. Die hokkiespanne het Drostdy se naam hoog gehou in Bloemfontein en seker gemaak die spanne daar sal ons nie gou vergeet nie.

Die O/19-dogterspan het besonders goed gevaar en ongeag die tellings, gees gebou, hard gespeel en ons baie trots gemaak.

Op dag een het die O/19 seunspan, Rob Ferreira, 3-0 gewen en hulle het op hierdie uitmuntende tellings voortgebou. Op dag twee het hulle sommer in die reën gewen. Drostdy was teen dag vier eerste en moes teen die tweede span speel om die wenner te bepaal. Hulle verloor toe ongelukkig die finale wedstryd, 1-0 en eindig met 'n algehele 2de plek in die toernooi.

Na al die wedstryde het die meisies tuisgegaan in die pragtige Huis Le Roux. Daar was die een aand 'n inbraak in die meisies se koshuis. Almal het saamgestaan, te bang om uit te vind wat gaan gebeur. Esmé Pettit was die eerste een wat die skelms gewaar het. Sy het gedink hulle was die sekuriteit en het dus vir een van hulle gevra om een van haar kledingstukke wat afgeval het te bring . "Ons het gees gebou en lief geraak vir mekaar", sê Marcel Pettit.

Geesweek en Big-Brag

Nadine Fick



Op die 3de Mei 2017 het ons 'n gevoel gekry van wat voorlê. Die Junior Big Brag was fantasties en almal het dit vreeslik geniet. Dit was 'n geesdriftige geleentheid wat almal aangemoedig het vir die Classic Clashes. Ulrich het interessante vrae aan al die junior spanne se kapteine uitgedeel en gees was sommer vinnig gebou. Wat so besonders was, was dat elke laerskool in Worcester se hoofleiers genooi is om die geleentheid by te woon. Op die 5de Mei was dit die groot Big Brag. Hier het al die eerstespanne aangewys wie elke speler in hulle span is. Dit was vir 'n paar eersterugbyspanmanne 'n emosionele oomblik omdat dit óf hul laaste , óf hul eerste Classic Clashes in die eerstespan was.

Die hoogtepunt was natuurlik toe die onderwysers 'n konsert opgevoer het om die gees op te kikker. Met hierdie opvoering het ons dus 'n heel nuwe kant van die onderwysers beleef, soos me. Lloyd met haar "breakfast club" styl en me. Karen le Roux met haar sigarette.

Die Big Brag is beslis 'n fantastiese geleentheid om ons trots en geesdrif in die skool op te bou en te besef hoe bevoorreg ons is om in 'n skool soos Drostdy te kan wees.

KEARSNY RUGBYTOERNOOI

Eloff Smit

Gedurende die Maartvakansie het die eerste rugbyspan hul ware "rugbykleure" in Durban gaan wys. Die eerstespan het met die rugbytoer die jaar sommer goed afgeskop. Topskole het aan hierdie toernooi deelgeneem soos:
Kearsney College, Dale College, Hoërskool Noord-Kaap, Hoërskool Framesby, Hoërskool Monument , HTS Middelburg, Glenwood, Pretoria Boys High en Selbourne College.
Uitslae was soos volg:
HTS Drostdy 45-17 Kearsney College
HTS Drostdy 26-25 Dale College
HTS Drostdy 29-5 Pretoria Boys High

Tydens hierdie toernooi het Drostdy hulself as 'n gerekende krag in Suid-Afrikaanse rugbyskole gevestig. Dank aan elke speler en afrigter sowel as ondersteuner wat die pad stap.

DROSTDY BY WILDEKLAWER

"2017 gaan groot wees" Dit was Meneer Underhay se ware woorde aan die begin van die jaar vir al ons skoolleerders en vir die graad agts se ouers. En hierdie is nou net werklik weer 'n getuienis daarvan. Vir die eerste keer is Drostdy se juniorspanne, 0/14, 0/15 en 0/16 na die Wildeklawer-toernooi uitgenooi. Dit het plaasgevind van die 28ste tot die 30ste April by Hoërskool Diamantveld in Kimberley. Dit is werklik merkwaardig om na die toernooi uitgenooi te word, aangesien baie topskole hier deelneem. Net weereens 'n bewys - ons is 'n topskool! Alhoewel Drostdy teen baie sterk spanne deelgeneem het, het hulle steeds goed gevaar. Hier volg die uitslae:

Uitslae teen Affies
0/14A verloor 7-18
0/15A verloor 13-16
0/16A verloor 27-32
Alhoewel al drie spanne verloor het, was dit uitstekende wedstryde om te kyk . Die Donkies se uithouvermoë, spangees en deursettingsvermoë het die afrigters baie trots gemaak.

Uitslae teen Garsfontein
0/14A wen 71-0
0/15A wen 26-17
0/16A wen 21-12
Die juniors het hulself oortref in hierdie wedstryde teen Garsfontein.
Dankie aan elke speler wat waardige ambassadeurs vir HTS Drostdy was in Kimberley. Volgende jaar maak ons weer so!

NOORD-SUID DERBY

Christiaan du Plessis

Tydens die Aprilvakansie het baie van Drostdy se spelers en afrigters begin vere regskud vir die komende seisoen en wat is beter as 'n sterk kompetisie om die lywe reg te kry?
Die Noord-Suid Derby was die regte medisyne en ons spanne het uitstekend gevaar.

1 April 2017 DROSTDY vs Marais Viljoen
0/14A 77-24 WEN
0/15A 47-5 WEN
0/16A 31-0 WEN

3 APRIL 2017 DROSTDY vs Transvalia
0/14A 71-0 WEN
0/15A 21-24 VERLOOR
0/16A 20-22 VERLOOR
0/19A 26-26 GELYKOP

5 APRIL 2017 DROSTDY vs Middelburg
0/14A 55-5 WEN
0/15A 21-12 WEN
0/16A 82-5 WEN
0/19A 48-5 WEN

Hierdie jaar was die volgende spanne deel van die Noord Suid Derby:

Noorde: Transvalia, Marais Viljoen, Middelburg
Suide: Drostdy, New Orleans, Daniël Pienaar en Hugenote

Die toernooi was 'n reusesukses en sal in 2018 aangebied word by Middelburg HS wat ook hulle 100ste bestaansjaar vier.

Sport op 'n heel nuwe vlak

Vandat die klokke vir die einde van die eerste kwartaal gelui het tot die einde van die tweede kwartaal, het die Donkies nog nie opgehou uitblink op die sportveld nie. Ons wil graag erkenning gee aan die Donkies wat Drostdy, en selfs die land, se naam hoog gehou het by verskeie geleenthede. Hier volg die name en prestasies van hierdie besondere leerders.



Tweekamp

Cameron Mostert (links) en Klara Naudé (regs) het die afgelope kwartaal aan die SA-kampioenskap in die Paarl gaan deelneem. Cameron het uistekend gevaar in die o/15 - groep. Klara het vierde geëindig in haar ouderdomsgroep. Wel, gedaan julle tweetjies!

Bo: Semelian Lombard is verkies vir die Boland damesrugbyspan in haar ouderdomsgroepe.

Die volgende meisies weet hoe om netbal te speel en word verkies vir die volgende provinsiale spanne:

WES-KAAP (agter)
0/14 - Ferrenay John
0/16 - Gabi Bennett
KAAPSE WYNLANDSPAN (voor)
0/14 - Rudene Geldenhuys
0/15 - Shanidene Bezuidenhout

BOLAND Cravenweek - 0/18

SKRUMSKAKEL - Romeo Eksteen
SENTER - Christie Grobbelaar
VLEUEL - Larren Buys
HEELAGTER - Cohen Jasper

RESERWES: Greyling Geldenhuys, Trevor Laubscher en Shaun Baxter

BOLAND Akademieweek -0/18

STUT - Duan Bredenkamp
AGSTEMAN - CJ van Renburg
SENTER - Berto le Roux
VLEUEL - Adriaan Maans

BOLAND Grant Khomo - 0/16

HAKER -Wynand du Plessis
SLOT -Renier Viljoen
FLANK -Benicio Kampfer
FLANK -Joshua Smit
SENTER -Roan Jansen
VLEUEL -Tario Claassen

Die volgende leerders blink uit op die hokkieveld:

IPT (INTERPROVINSIALE TOERNOOI)
0/18 B - Jacques Marais
0/18 C - Carel Marais
0/16 C - Tristen Matthews
SHIRAZ NOORD-BOLAND
0/14 - Alex Avenant
WES-KAAP – SA SPELESPAN
0/14 - Johané le Roux



_____VERMAAK_____



_____VERMAAK_____

Outeniqua... vir 'n naweek!!

Esmè Pettit

Om van sewe-uur die oggend tot twee-uur die middag in jou skoolklere te wees, is ERG !

Maar om na skool op 'n bus te klim en vir vyf ure op die pad te wees na Outeniqua, in die hitte en in jou skoolklere, dit noem 'n mens TROTS !!

Op Vrydag die 19de Mei het die hokkie-, netbal- en rugbyspanne op busse geklim op pad Outeniqua toe. Toe ons daar aankom in ons skoolklere het ons soos 'n eenheid gelyk. Half sewe was ons nog steeds in ons skoolklere op pad na die eetsaal om kragte op te bou vir die volgende dag se wedstryde teen Outeniqua.

Die tellings van die eerstespanne was soos volg:

o/18 A Hokkie seuns VERLOOR 2-0
o/18 A Hokkie meisies VERLOOR 0-3
o/19 A Meisies netbal WEN 19-11
o/19 A Rugby seuns VERLOOR 26-21

Alhoewel ons spanne 'n bietjie swaar gekry het, is daar elke jaar 'n verbetering.

Somersport Prysuitdeling

Shelene en Shanidine Bezuidenhout

Op Dinsdag 16 Mei 2017 het die skool hul jaarlikse somersport prysuitdeling gehad. Die skool het van die geleentheid gebruik gemaak om al die presteerders wat in somersport d.w.s. atletiek, tweekamp en veral toutrek erkenning te gee. Meneer Oupie du Plessis het die aand begin deur almal hartlik te verwelkom en Oom Hansen het die aand op die gepaste manier begin. Die koor se energie en lekker ritme het die aand 'n lekker hupstoot gegee.

Drostdy sal ook in die winter en aan die einde van die jaar nog soortgelyke prysuitdelings hou. Baie geluk aan al die pryswenners!

Sandput? Wat's dit?

Christiaan du Plessis

Ons het die kwartaal 'n Karton Kanoe Uitdaging gehad waar al die spanne kanoes uit karton uit moes bou. Die Sandput se eenvoudige en prettige maniere van probleme oplos is ingespan. Dit sluit drie stappe in wat die volgende behels:

1) Droom oor die probleem en moontlike oplossings– hou dinkskrums.

2) Ontwerp die oplossing.

3) Bou die oplossing.

Die kompetisie op sigself, was 'n reuse sukses en wonder-bo-wonder het nie een enkele kanoe gesink tydens die kompetisie nie.

Meneer Grobbelaar en 'n paar juffrouens van Bergsig het selfs deelgeneem aan die kompetisie. Ongelukkig is mnr. Grobbelaar geskors, omdat hy positief getoets het vir die gebruik van opkikkers. Die Sandput het ook vir ouer manne 'n "Man-Up" dag gehou. Dit was 'n groot sukses en die manne het daar weggestap met meer kennis oor 'n karenjin.

Die Sandput beoog om teen volgende kwartaal uiteindelik ons 3D-drukker en rekenaars geïnstalleer te hê. Die Sandput nooi almal wat aan hul eie projekte wil kom werk, vriendelik uit, om die kreatiewe breinsous hier te laat vloei.

By Die Sandput word jy nie voorgesê nie, bloot leiding verskaf. Die rede is dat jy self moet stoei met probleme en oplossings vind.

Dit was 'n goeie begin vir Die Sandput. Ons sien uit om julle volgende kwartaal daar te sien!

Jagekskursie 2017

Aan die einde van Mei, met die opening van die jagseisoen, het dertien van Drostdy se manne die pad Victoria-Wes toe aangedurf.

Hierdie jaar het ons die samestelling van die groep so 'n bietjie verander. In plaas daarvan om 'n klomp onervare jagters hul eerste bok te laat skiet, het ons pa's en hul seuns geneem om die ervaring saam te beleef. Daar was wel twee "nuwelinge" by name Johan Jordaan en Juan Swanepoel wat nog nooit die geleentheid gehad het nie. Die ander manne was Theuns en DC le Roux, Roelf en Stephaan du Preez, Anton, Antonie en Francois Roos en Brinkie, Marlo en Loan Louw.

Op die eerste dag het Johan 'n swart springbok geklits en van die ander manne kon ook hier en daar een plattrek. Dit was egter op die tweede dag wat daar lood in die lug was en uiteindelik het ons nege en dertig springbokke bewerk. 'n Uiters suksesvolle dag! Juan het twee bokke na mekaar gekry en die ander manne was almal suksesvol. Die aand moes hierdie twee manne dus verbykom en wat 'n fees! Vleisbraaivure het hoog gebrand en elke jagter kon tevrede, maar moeg, agteroor sit en die volheid van die Karoo geniet.

Dag drie was vleiswerkdag en ons het omtrent gesukkel om als koud te hou. Uiteindelik kon ons huiswaarts keer met vol, dankbare harte.

Daar is so baie mense om te bedank:

Esther Pettit wat vir ons brood gegee het.
Johnny Cardozo van **Coke** vir sy bydrae.
Mnr. **DB Joubert** vir sy groot bydrae.
Willie van **Quenets** vir hul borgskap van 'n knipmes en keppie.
Joubert Burger het uie geskenk.
LJ van Safari en Outdoor het vir ons kleie en 'n gooier geskenk - die kinders was mal oor die kleiduifskietery.
Mnr.. **Brinkie Louw** het sy sleepwa en kragopwekkertjie beskikbaar gestel en vir elkeen 'n geborduurde buff vir die snerpende koue gemaak.
Jakkals en Charlene en die kinders - sonder ons gashere is hierdie jaarlikse bederf onmoontlik - BAIE dankie.
Elke ouer wat saamgegaan het om hierdie ervaring vir julle seuns vas te lê.



Links bo: Johan met sy swart springbok

Bo: Juan skiet sommer twee op een slag

Links onder: Aan die einde van die dag...

Onder: Stephaan en Roos sit op die kraalmuur - wagtend.

Orkesnaweek by George

Bianka Gerstner

Op Vrydagmiddag, 19 Mei, is die orkes met 'n volgepakte waentjie op pad George toe vir 'n optrede saam met York High se orkes. Hulle het in Wildernis tuisgegaan by een van Sanpark se kampterreine, Ebb & Flow. Daardie aand het hulle heerlik saam gebraai en gekuier. 'n Paar seuns wat baie braaf was, het dit gewaag om vroegoggend in die rivier te gaan swem.

Saterdagoggend is die sportkinders na Hoërskool Outeniqua toe vir hul wedstryde terwyl die res 'n staproete gestap het na die kamp se waterval. Daarna het díe wat kans gesien het, gaan roei en weer het 'n paar in die water beland, of dit 'n grap, aspris of net 'n ongeluk was, sal ons nooit weet nie. Later het almal begin regmaak vir die optrede saam met York High die aand.

Die twee orkeste het beurte gemaak om die gehoor te betower. York High se orkes het instrumente soos 'n dwarsfluit, klarinet en saksofoon. Dit is 'n klank wat die orkes nie ken nie, omdat hulle net koperblaasinstrumente het, en hulle het dit omtrent geniet. Die laaste item het beide orkeste saam gespeel om die aand af te sluit.

Sondagoggend het almal vir 'n laaste keer gaan roei en daarna het ons die lang pad terug aangedurf. Op pad terug het hulle eers by Hartenbos gestop om te gaan "putt-putt" speel, by die winkeltjies te gaan rondloop en iets te eet.

Die orkes wil graag dankie sê aan tannie Maria en oom Heinrich Coetzee wat die naweek die lekkerste kos gemaak het. Julle moeite word opreg waardeer. Dankie ook aan mnr. Ras en mev. Krige wat soveel moeite doen om die orkes af te rig. Ons weet daar gaan baie moeite, tyd en harde werk daarin. Sonder julle sou die orkes nooit dié sukses behaal nie. Ons sien baie uit na die res van die jaar se optredes.

Windworx orkeskompetisie

Bianka Gerstner

Die Drostdy Koperblaasorkes



Hierdie jaar was dit die sesde Windworx Fanfare en orkeste van regoor die Kaapse Skiereiland het deelgeneem.Die ander orkeste was baie groter met meer en ander instumente, maar dit het die Donkies nie laat terugstaan nie.

Na die tyd was daar 'n konsert wat die aand afgesluit het. Drostdy se orkes het weereens baie goed gevaar en het weggestap met lof (80-89%) en baie goeie kommentaar. Baie geluk met die prestasie!

UNISA Musiekeksamen

In Mei het ag en twintig leerders UNISA musiekeksamens gespeel en hulle het uitstekend gevaar. Melchior van der Berg en Daniël Galant het baie goed presteer en het 90% behaal. Baie geluk aan Astrid Bothman en Albert le Roux wat die besonderse prestasie behaal het om hul Vlak 7 eksamen met lof te slaag. Baie geluk aan elke leerder wat presteer het. Hier volg die uitslae:

VVA-eksamens

A++(90%+)

Melchior van der Berg	Tp5
Daniël Galant	Trb3

A+(85% - 89%)

Astrid Bothman	Tp7
Herbst du Plessis	Euf4
Sumari Pretorius	Tuba 3
Susan Viljoen	Pe3
Frans Burger	Tp2

A(80% - 85%)

Albert le Roux	Tp7
Francois Engelbrecht	Tp5
Stephan Hendriks	Euf4
Leana Coetzee	Tp4
Talitha Pretorius	Tp4
Stephan Bothma	Pe2
Anja Coetzee	Pe2
Wouter Mongie	Pe2

B+(75% - 79%)

Yvette van der Walt	Euf5
Marelize Uys	Tp5
Matthew Pretorius	Pe2
Stean Engelbrecht	Tp2
Dominique Smit	Pe1

B(70% - 75%)

Aaron Haker	Tp5
Ulrich Schreuder	Tp5
Mauritz Swart	Euf5
Bernhardt Muller	Pe2

Graad eksamens

Migal Cronjé	Tp2	86%
Chané Adonis	Tp2	81%
Danique Jacobs	Tp2	80%
Bianka Gertsner	Tp2	64%

Music is the universal language of Humankind

- Henry Wadsworth Longfellow

Eet, Geen slaap, LAN, Herhaal...

Werner van der Merwe in aksie.

Susan Viljoen

Die naweek van die 19de Mei, was 'n naweek van min slaap, harde konsentrasie en vele pret! 'n Lokaal met ongeveer 50 mense, vasgevang in 'n rekenaarspeletjie met geen afleidings nie en al jou vriende? Klink vir my na enige "gamer" se droom.

Old Boys, ons mededonkies, vriende van vriende en geharde "gamers" het deurnag gespog met hulle rekenaarvaardighede. Daar is ook 'n video van die naweek beskikbaar wat deur n hommeltuig afgeneem is. Ek wil namens almal wat die naweek bygewoon het, baie dankie sê aan juffrou Hilde Paulsen (wat hierdie naweek moontlik gemaak het, die BNIT-maatskappy - spesifiek Fanus Rautenbach) wat alles opgestel het en aan Bergsig en die biblioteek wat tafels aan ons geleen het vir die geleentheid.

Daar was verversings beskikbaar vir die brawe siele wat die deurnagstryd aangepak het.

Volgens al die positiewe kommentaar wat ek ná die kompetisie gehoor het, is ek seker al ons "gamer"-donkies sien uit om weer so 'n naweek in 2018 saam te geniet.

VCSV

"Vra na die wil van God in alles wat jy doen, Hy sal die regte pad vir jou wys." SPREUKE 3:6

Die VCSV weereens 'n sukses in kwartaal 2.

Elke Dinsdag se eerste pouse kom almal wat wil na die VCSV vir PRAISE AND WORSHIP . Hierdie kwartaal het ons almal n Teen Bible Study journal as follow up of the #imagine experience gekry. Ons lees daarin en kry die geleentheid om ons opinies te lewer. By die vcsv prys ons die HERE se naam deur pragtige liedjies te sing en almal saam te bid .

Dit is 'n ongelooflike ervaring en al die kinders sien vreeslik uit na Dinsdagoggende se saamsing en saamwees.

"Liezel Stassen, sal jy my die eer gee om jou matriekafskeid toe te neem hierdie jaar?"
-Marcel Adriaanse

Redenaars

Wie het al gewonder waaaroor Donkies alles kon gesels? Om uit te vind, kom die 23 Augustus 2017 na Hoërskool Stellenberg om ons Donkies te ondersteun waar 13 van ons leerlinge aan die Radikale leesfees, Wes-Kaap finaal deel gaan neem. Julle sal nie spyt wees nie.

Die Donkies vaar uitstekend. Hulle het geskitter by die ATKV redenaarskompetisie, asook die Radikale leesfees.

Die volgende leerders het deurgedring na die **ATKV** Wes-Kaap finaal:

Pierre du Toit
Francois Marais
Antonette Steijn
Mia Ramsauer
Mariechen Jordaan

Leesfees:

Taryn Alexander
Marizaan Brink
Ané Brink
Mariné Brink
Migal Cronje
Shamim Gallie
Bilqees Laatoe
Elizé Lottering
Micke Marx
Klara Naude
Mia Ramsauer
Antoinette Steijn
Hermanus Steijn

DONKIE-HARTE BLOEI

Elke jaar maak Drostdy dit 'n prioriteit om bloed te skenk. Díe jaar, op 24 April 2017, het ons 'n trotse 89 eenhede geskenk.

Net een skenking het die potensiaal om drie lewens te red. Een eenheid is slegs 475ml van die ongeveer vyf liter bloed wat jou liggaam bevat.

Volgens die WP bloedoortappingsdiens, is HTS Drostdy nommer een op die toptien van die skole in die Wes-Kaap wat in 2016 boed geskenk het. Kom ons probeer om hierdie jaar ons eie rekord weer te breek! Doen jou deel en kom skenk bloed!

Hierdie is nog 'n manier waarop die Drostdy bewys lewer van hul onbaatsugtigheid en gebalanseerde uitkyk op die lewe.

Die Peer promoters en skenkers v.l.n.r. Jean-Luc Swart, Johan Fraser, Jacques Rossouw, Marcél Pettit en Mia du Plessis

BELEWENISWEEK 'N GROOT SUKSES!

Johané Neethling

Belewenisweek bewys net weereens die Drostdy belewenis. Een van die hoogtepunte van die jaar het onlangs op 8 Mei 2017 afgeskop toe die belewenisweek hier by Drostdy amptelik in aksie was.

Twee aande vol pret en plesier vir die meisies en seuns was 'n gegewe toe al Drostdy se leerders prettige manewales geniet het. Terwyl ons seuns 'n lekker braai geniet het, het die meisies ontpop met hul tema: Diamonds en Denims. Hoofmeisie van 2014, Tiana Rall sowel as twee ander gassprekers het vir 'n aand vol pret, plesier en baie lag gesorg.
Vermaak het 'n nuwe baadjie gekry toe ons eie Amy Hattingh (Graad 10) die aand met 'n paar gewilde liedjies beëindig het.

Die seuns was darem nie vergete nie! Die hoofseun van 2014, Frikkie Bardenhorst, het 'n uitmuntende toespraak gelewer by die "Manne dis 'n voorreg" manne-aand. Die seuns het smaaklike roosterkoeke sowel as braaivleis saam met hul vriende geniet. Die hele idee van hierdie Belewenisweek is om soveel as moontlik te gee en leerders van HTS Drostdy se harte vir die skool te laat brand.

Daar was die Vrydagaand 'n damesaand vir al Worcester se vrouens en mammas en Saterdagoggend 'n koek-en-tee vir die bejaardes. Hoe mooi is dit nie om te sien hoe HTS Drostdy na ander ook uitreik nie! Dankie aan al die organiseerders wat hierdie week so besonders gemaak het! Hier het die Donkies net weereens saam sterker geword.

ONNIE VAN DIE KWARTAAL...

Elizé Lottering en Zoë Zeeman

Hierdie meneer is wraggies nie maklik om in die hande te kry nie! Hy is heeldag besig op die skoolgronde en op sy selfoon om vir HTS Drostdy se sportleerders soveel moontlik geleenthede op die sportgebied te reël! Dit is juis hieroor dat mnr. **Gerbrand du Preez** as onnie van die kwartaal gekies is. Sy ondersteuning en passie gaan nog vir Drostdy baie beteken. Ons het 'n bietjie meer oor hom gaan uitvind...

GROOTWORDJARE: Hy is gebore in Brits (Noord-Wes) en het ook skoolgegaan in Laerskool Brits. Hy was in Hoërskool Dirkie Uys (Moorreesburg) en het 'n jonger broer. Op skool het hy aan amper al die sporte deelgeneem waaraan hy kon, van rugby, atletiek en stoei om maar net 'n paar te noem. Rugby is deesdae steeds een van sy groot liefdes.

GESINSLEWE: Hy en sy vrou was saam in die laerskool. Hy het haar eers weer na hoërskool gesien toe sy terug was uit Dubai waar sy gaan werk het. Hulle was toe so 'n jaar of twee eers baie goeie vriende voor hy haar gevra het om met hom te trou. Hulle het 'n seuntjie met die naam Ruben en beplan nog kinders vir die toekoms. Sy grootste rolmodelle is sy pa en skoonpa.

INTERESSANT: Sy gunstelingkos (en iets wat hy graag in 'n restaurant bestel) is sushi of steak en chips. Hy hou niks daarvan as mense vir hom vra of hy 'n Blou Bul is nie... maar raai wat, hy is een! Hy luister na verskeie genres musiek, maar nie graag na klassieke musiek nie. Hy kan ook 'n bietjie kitaar speel. Hy lees nie graag boeke nie, maar is wel baie lief daarvoor om uit die Bybel te lees.

Hy het geen vrese nie. Die grootste kompliment wat hy al ontvang het, was oor sy blou oë. Sy bloedgroep is A+.

GESONDHEIDSWENKE: Sy raad is om minder stysel te eet, baie water te drink en ten minste 3 of 4 keer 'n week te oefen. Hy sê 'n mens mag maar jouself toelaat om nou en dan jouself te bederf.

SKOOLSTORIES: Hy het al van jongs af geweet wat hy eendag met sy lewe wil maak. Hy het 'n onderwyser op skool gehad wat baie dieselfde doen as wat hy nou doen en die beroep het hom dadelik gefassineer. Hy stel wel meer belang in die sportdeel as onderwys, maar geniet dit tussen die kinders.

Hy sien homself oor vyf jaar in 'n hoër pos soos sportdirekteur.

Die lekkerste van Drostdy is die ongelooflike gees en die lekker groep onderwysers met wie hy so goed oor die weg kom. Sy droom is dat Drostdy die beste skool in die land sal wees.

Sy raad vir die leerders in Drostdy is om nooit op te gee nie.

Mnr. Gerbrand du Preez

DIS ONS JUFFROU !

Me. Heather Oosthuizen

Shani Smith

Een van die sleutels tot n suksesvolle skool is beslis suksesvolle onderwysers! Ons is bevoorreg om n baie spesiale nuwe onderwyseres, Juffrou Oosthuizen by HTS Drostdy te kan verwelkom.

Haar lewe het eers n paar ander draaie geloop voor sy by ons geëindig het. Sy is een van drie kinders en het in Somerset-Wes grootgeword en skoolgegaan. Na skool belsuit sy om in haar pa se voetspore te volg en gaan studeer meganiese ingenieurswese by die Univeristeit van Stellenbosch.

Na voltooiing van haar kursus het sy en twee vriendinne vir 'n jaar in Turkeye gaan skoolhou waar sy Engelse klasse aangebied het. Dit is hier waar juffrou Oosthuizen besef het dat onderwys in haar bloed is.

Met haar terugkeer na SA werk sy vir twee jaar in die korporatiewe wêreld as n ingenieur, maar besef gou dat dit nie haar roeping en passie in die lewe is nie. Sy voel dat God haar geroep het om met kinders te werk en is nog nie een dag spyt oor die keuse wat sy gemaak het nie.

Sy sê altyd dat: "The joy of the Lord is my strength!" Hoe bevoorreg is ons nie om iemand met soveel integriteit en goeie waardes in ons midde te hê nie.

Ons hoop dat Juffrou nog baie jare gelukkig by ons sal wees!

Weet die ooievaar waar Rawsonville is?

Shani Smith

Die Coetzee gesin se vreugdesvure brand hoog en hulle sien ongelooflik uit na die koms van hul onlangs-afgekondigde baba. Dit is Mnr. Coetzee se begeerte om 'n baie betrokke pa in elke aspek van sy kind se lewe te wees. Ons is saam met die egpaar Coetzee bly en opgewonde en bid vir 'n voorspoedige nege maande!

Interessante Feite
(wat niemand eintlik wil weet nie)

- ☐ 1 uit 10 mense bly op 'n eiland.
- ☐ 'n Koei het nie boonste voortande nie.
- ☐ Mona Lisa het nie ooghare nie.
- ☐ Slakke kan vir 3 jaar lank aaneen slaap.
- ☐ 'n Hamster knip net een oog op 'n slag.
- ☐ 'n Kameel se melk word nie suur nie.
- ☐ Meeste van die feite is reg, "useless", maar dit het jou tog besig gehou.

5		1				6		4
	9		3		6		5	
				9				
4								9
			1		9			
7								6
				2				
	8		5		7		6	
1		3				7		2



VERMAAK